CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
ASPU
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 3 16 FEBRUARIE 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke



*Die hof van Hades het min eerstejaars afgeskrik.*

# Hof van Hades oortuig nie

**Die mening onder sommige eerstejaarstudente is dat Vrydagaand se "Hof van Hades" aanvanklik baie werklik en ernstig voorgekom het maar dat hulle later aan die geloofwaardigheid daarvan begin twyfel het. 'n Klein groepie was vas oortuig daarvan dat dit werklik eerstejaars is wat so vermink word, terwyl die oorgrote meerderheid geen enkele woord geglo het wat daar gesê is nie.**

Op die Kampusfokuskamp van 1979 het prof. Tjaart van der Walt dit onder studenteleiers se aandag gebring dat iets anders bedink moes word in die plek van die uitskop van die studenteraad. Verskeie huisvaders het met hom saamgestem en 'n kommissie is benoem om die saak te ondersoek.

Hulle het aan die hand gedoen dat die christelike karakter van die Universiteit in twyfel getrek moes word. Die saak is voorlopig daar gelaat en later heeltemal laat vaar omdat dit nie prakties uitvoerbaar sou wees nie.

Die kommissie het besluit dat 'n "Hof van Hades" die aangewese ding sal wees om die hoogtepunt van oriëntering te vorm. Die besluit is deur die koshuisraad goedgekeur.

Die mening onder verskeie studenteleiers is dat dié "Hof van Hades" onoortuigend was. Dit het na 'n konsert vir eerstejaars gelyk. Dit sou nie grusaam genoeg en realisties wees nie, omdat dit oordoen sou wees, met die gevolg dat dit melodramaties geword het.

# SÓ KARNAVAL PUKKE

**Die Karnavalprogram het vanjaar weer veel om aan te bied. Hoogtepunte in die Karnaval is die fietstoere, motorfietswedren, Kaap na Rio-vlotvaart, die openingsaand, trapkarwedrenne en die mallemeule. Die tema is: "Vir elke kwaad 'n boereraat."**

Die Karnaval T-hempies sal heelwaarskynlik teen Woensdag, 21 Februarie beskikbaar wees. Dit is gemaak van 'n poliëster-katoenstof en is 'n duursame hempie wat nie sal rek nie. Die prys is R3,50. Die PUK-hoedjies, normaalweg R3,10, sal saam met hempies teen R6,00 per paar verkoop word aan die eerste honderd belangstellendes.

Die reklamesette neem Vrydag, 16 Februarie 'n aanvang. Die doel daarvan is die bekendstelling van Karnaval, die skep van Karnavalgees en aktiewe deelname aan 'n Karnavalaksie. Die bloedskenkkompetisie word op 19 Februarie in Over de Voor gehou.

Met die damestrapkarwedren (21 Februarie, 16h30) word beoog om 'n grondslag te lê vir verdere wedrenne later in die jaar. Heelwaarskynlik sal 'n span Tukkiedames ook deelneem.

Die Mielielandfietstoer spring op 23 Februarie te Lichtenburg weg. Die fietsryers gaan deur Ottoshoop, Zeerust, Groot Marico, Swartruggens en slaap die nag op Rustenburg. Saterdagoggend ry hulle oor Ventersdorp en daarvandaan Potchefstroom toe. Die eindpunt is die parkeerterrein tussen Over de Voor en die Muurbalbaan. Die Standaardfietstoer word op Bothaville afgesit deur die burgemeester en die fietsryers ry deur Viljoenskroon, slaap op Orkney en bereik Potchefstroom teen 16h00. Die eindpunt is voor die hoofhek in Hoffmanstraat. Die Standaardfietstoer is bloot op ontspanning en geldinsameling gemik.

Die gemengde sêrkompetisie vind Vrydagaand, 23 Februarie, in die Totiussaal plaas. Die eerste drie koshuise sal Maandagaand, 26 Februarie, in Studentevaria optree waar die wenners ook aangekondig gaan word. Die enkelsêrkompetisie word op 24 Februarie afgehandel.

Die Motorfietswedren (24 Februarie) vind plaas op 'n weermagterrein net langs die Noordweskommandement HK aan die linkerkant van die Ventersdorppad. Vervoer sal vanaf die kampus verskaf word.

Die Kaap na Rio-vlotvaart begin Woensdag, 28 Februarie, by die Damontspanningsoord. Studente moet daarop let dat 10c toegangsgeld per motorvoertuig gehef sal word. Die tema is: "Uit Ouma se Dagboek". Net daarna word die dameskopfietswedren voor die hoofgebou gehou. Dit sal teen 18h30 begin.

## OPENINGSAAND

Die Karnaval word Donderdag 1 Maart amptelik deur die Rektor, prof. Tjaart van der Walt, in die amfiteater geopen. Die burgemeester sal by die geleentheid die dorp oorhandig en die kapitaalskatjiewenner aankondig.

Daarna beweeg die hele groep studente na Pukkesippi, die Cowboydorpie op die Ou Pukvelde by Caput. Geen aandetes sal in die koshuise bedien word nie, en etekaartjies sal aan koshuisinwoners uitgereik word om by die stalletjies kos te koop. Die biertuin sal vanaf 19h30 tot 20h30 oop wees. Vaatbier en bierbekers met die woorde PUK KARNAVAL daarop sal feitlik teen kosprys verkoop word. Die Mallemeuele sal ook die hele aand oop wees.

## MOOIRIVIERSPELE

Vrydagoggend se Mooirivierspele vind plaas op die Fanie du Toit en behels touklim, 'n binnebandvaart, kussinggevegte oor die rivier, wissellope oor pale op die rivier, 'n drastoelwedren vanaf Kasteel tot by die Fanie du Toit, 'n Donkie July met regte donkies en 'n karstootkompetisie. Die Toutrekvereniging sal 'n toutrekkompetisie aanbied. Koshuise sal op 16 Februarie 'n volledige program ontvang.

Die tyd voor middagete sal aan sewemanrugby, damessokker, dubbelpaaltjiekrieket en tenniskampioenskappe bestee word.

Die mallemeuele sal die middag en aand oop wees en koshuise word die geleentheid gegun om hulle vlotte af te rond. Cinepuk vertoon Vrydagaand om 23h00 'n fliek in die Totiussaal.

## VLOTOPTOG

Alle vlotte moet op Saterdag, 3 Maart, om 8h00 voor die hoofgebou gereed staan vir beoordeling. Daarvandaan sal die vlotte deur Potchefstroom beweeg en teen 11h00 ook 'n draai deur Stilfontein maak. Die wenvlot ontvang 'n prys van R500, die kleurvolste R50 en die besafgewerkte vlot R50.

Saterdagmiddag vind die koshuisorkeskompetisie op die Ou Pukvelde plaas en die manstrapkar rondom Caput en Hombré. Daarna word 'n massa-osbraai gehou. Etekaartjies sal weereens aan koshuisinwoners uitgereik word. Die biertuin sal vanaf 19h00 tot 21h00 oop wees.

Karnaval '79 word om 22h00 afgesluit wanneer die wenners aangekondig word.

*Die amfiteater is vanjaar tydens oriëntering vir die eerste maal in gebruik geneem.*





*Die oprigting van die nuwe kerk se dak.*

# HULPPROJEK BOU KERK

**Hulpprojek is 'n 11-jaar oue onderliggaam van Korps wat vakansies help om kerke en skole te bou op versoek van hulpbehoewende instansies.**

Die afgelope vakansie was 22 Pukke na Gazankulu naby Acornhoek. Die NG-kerkie aldaar het 'n paar jaar gelede onder 'n stormwind inmekaar gestort en sedertdien het die gemeentelewe merkbaar agteruitgegaan. Hulpprojek is genader en 'n nuwe kerk is binne tien dae opgerig.

Aanvanklik het die plaaslike bevolking apaties gestaan, maar hul was later baie vriendelik. Na die sokkerwedstryd tussen die plaaslike kampioene en die manne van Hulpprojek plus die kampvader, was die gesindhede en rasseverhoudings sommer puik. Danksy die ondersteuning van die sendinggemeente was die kos van 'n puik gehalte. Water moes egter in dromme van die dorp aangery word.

Ontspanningsgeleenthede was nie volop nie weens die vol werkprogram, maar in die aande is lekker gesels en gesing. Soggens om 05h15 is Bybelstudie gehou en daarna tot agt gewerk. Daarna is ontbyt genuttig en dan tot 18h00 gewerk met middagete tussenin.

Van die meisies het naaldwerklesse gegee wat suksesvol afgeloop het. Hulle het in twee tente gebly en nog 'n tent gehad as eetplek en kombuis. Met die storms vroeg in Desember was hul twee keer amper sonder woonplek.

Hulpprojek beplan verdere projekte vir April, Julie en Desember vanjaar.

# Karnaval skenk bloed

**Die bloedskenkkompetisie vind plaas op Maandagaand 19 Februarie vanaf 18h00 in Over de Voor se ontspanningsaal. Die Kompetisie tel 300 punte en deelname deur 20% van die koshuisinwoners is reeds 150 punte werd.**

Dit gaan hier nie net om punte vir die koshuis nie, maar om 'n groot diens wat gesonde studente kan lewer om in 'n dringende behoefte in ons land en in die hele wêreld te voorsien. Mense wat gereeld bloed skenk, ontvang bloed gratis as hulle dit self nodig het. Persone wat wil skenk, moet ouer as 18 jaar wees en mag nie geelsug of malaria gehad het nie.

Studente wat nie reeds vorms ingevul het nie, kan dit Maandag, 19 Februarie, by Over de Voor doen. Dit is egter belangrik dat almal wat vorms invul, wel sal kom skenk aangesien voorbereidings wat baie onkoste meebring vir elke individu getref word. Heelwat vorms word ingevul en 'n duur bloedbottel wat nie weer gebruik kan word nie, word spesiaal voorberei.

Mevrou Gigier van die Potchefstroomse tak van die S.A. Bloedoortappingsdiens het 'n beroep gedoen op alle studente om hierdie Karnavalskenking nie as 'n eenmalige gebeurtenis te sien nie. 'n Persoon wat vir die eerste keer kom skenk, se bloed word baie deeglik getoets in duur laboratoriums en die onkoste is eers die moeite werd as mense daarna gereeld kom skenk. Sy vra dus dat mense wat weet dat hulle na dese nie meer sal kom skenk nie, liewer moet wegbly. Aan die ander kant is dit almal wat gesond is se plig om in 'n groot nood te help voorsien.

# KINDERS STAP FONDSE UIT

**Op 20 Januarie 1979 het vierhonderd laerskoolkinders van ses laerskole in Potchefstroom aan 'n stapwedstryd deelgeneem. Dié wedstryd is deur Magdel van der Walt, as kapitaalskatjie van die PU, georganiseer.**

Die kinders het twintig kilometer ver gestap en party was só entoesiasties dat hulle dit letterlik afgehardloop het.

Die kinders is in drie kategorieë ingedeel: die graad eens en twees, wat van 9h00 tot 11h00 gestap het; die kinders van standerd een tot drie het van 9h00 tot 12h00 gestap en die kinders in standerd vier en vyf van 9h00 tot 13h00.

Die roete het oor die Fanie du Toit-sportterrein en die plotte by Mooivallei gestrek.

Die pryse is deur besighede in die dorp geborg. Daar was drie fietse as eerste pryse, drie horlosies as tweede pryse en vir die derde prys was daar twee ringetjies en twee rugbyballe, na gelang van die geslag van die wennertjie.

Die fondse wat ingesamel is gaan vir Karnaval en sal aan die E.S. le Grange-sentrum vir verstandelik vertraagdes uitbetaal word. Dié sentrum benodig jaarliks R17 000 om 'n lening terug te betaal.



*Mej. Magdel van der Walt het geld vir die Studentegemeenskapsdiens ingesamel.*

# SGD WORD UITGEBOU

**Na 'n besige jaar beplan SGD verskeie nuwe dienste in Promosa. Verlede jaar is die dienste op verskillende terreine voortgesit en uitgebou. 'n Organiseerder het tot Februarie 1978 die aanvoor en beplanningswerk gedoen.**

'n Noodapteek is vir vier dae per week in stand gehou. Farmasie-, verpleging- en maatskaplike werk-studente het die apteek beman. Opvoedkundige dienste oor higiëne en gesondheid is gelewer.

Sedert Julie 1978, is ongeletterde volwassenes geleer lees en skryf, kinders is in groepe verdeel wat temas soos stokperdjiebeoefening, handvaardigheid, kuns musiek, sport, verhoudings, motivering vir studievoorligting versorging, sjarme, behandel het. 'n Navorsingsprojek is onder beheer van die Departement Maatskaplike Werk geloods waar die verhouding tussen die kinders se skoolvordering en huislike omstandighede ontleed is.

Vroueklubs het temas oor kinderversorging, tuisteskepping en gesondheidssorg behandel. Inligtingsbyeenkomste is ook gehou met onder andere die menslike liggaam as tema. Terapeutiese groepwerk met pleegkinders is saam met die kindersorgvereniging gehou.

Vanjaar word verskeie nuwe projekte beplan, soos die voortsetting en uitbreiding van bogenoemde dienste, die stigting van 'n regshulpkliniek, voorligtingsdiens aan alkoholiste, musiek, sang en balletonderrig, sportafrigting en stigting van Sportklubs (judo, stoei en rugby).

# RKK GEE AANBEVELINGS AAN SSR

**Die Koördineringskomitee vir Rade (RKK) het besluit om die volgende aanbevelings aan die SSR voor te lê:**

- dat waar 'n persoon staan vir Raadsvoorsitter en SSR moet hy een van die poste bedank indien hy verkies word. Slegs in uitsonderlike gevalle, nadat die SSR toestemming verleen het, mag 'n persoon beide poste beklee.
- dat dit verpligtend is vir 'n Raadsvoorsitter om die Kampusfokuskamp by te woon tensy 'n genoegsame verskoning deur die SSR aanvaar is. Indien 'n Raadsvoorsitter afwesig bly sonder 'n goedgekeurde verskoning, kan die SSR hom verplig om te bedank.
- dat 'n Raadsvoorsitter (soos in die geval van SSR-lede) moet bedank indien hy nie kan aangaan met sy volgende akademiese jaar nie.

## IE AT AAR ANNEER AAROM

*JV Kunsuitstalling: 20-23 Februarie in Totiussaal.
*SSR-vergadering: Donderdag, 15 Februarie in Heimat se eetsaal.
*PU Koor-oudisies: 12-19 Februarie.
*Rektor se verjaardag: 15 Februarie.
*Vrydag, 23 Februarie: Karnaval se Mielieland - en Standaardfietstoere en die gemengde sêr-kompetisie.
*Besoek van US se SSR aan PU: 9 Maart.
*Besoek van UOVS se SSR aan PU: 10 Maart.

# Wag vir Erekleure

**Akademiese erekleure sal ongeveer twee weke na die gradeplegtigheid toegeken word.**

Dit het betrekking op persone wat vanaf 1975 'n graad met onderskeiding verwerf het. Die Akademiese Raad beskik oor die name en sal die betrokke persone in kennis stel.

Studente wat voorgraads 'n jaar met 'n gemiddelde onderskeiding in al sy vakke slaag, sal sertifikate ontvang.

# ASB MIK HOOG

**Die tema van die ASB-kongres wat van 9 tot 13 Julie op Stellenbosch gehou word, is "Identiteite in Suid-Afrika".**

Die kunsfees, Kuesta, waarvoor enige student kan inskryf, vind vanaf 28 September tot 10 Oktober in Bloemfontein plaas.

Fiesta word vanaf 31 Mei tot 3 Junie by RAU aangebied. Kursusse soos pistoolskiet, sjarme en ken-jou-wyn is op die agenda van die studentefees.

Ses konferensies word deur die jaar by verskillende kolleges en universiteite gehou:

- Geskiedenis - DOK, Durban 9 tot 10 Maart;
- Wysbegeerte - PU, Potchefstroom, 16 tot 17 Maart;
- Regswetenskappe - UP (Buitemuurs), Pretoria, 27 tot 28 April;
- Maatskaplike Werk - RAU, Johannesburg, 11 tot 12 Mei;
- Ekonomie - PU vir CHO, Potchefstroom, 25 tot 26 Mei;
- Opvoedkunde - NKP, Pretoria, 17 tot 18 Junie.

By hierdie akademiese konferensies word insiggewende besprekings oor aktuele aangeleenthede binne die onderskeie vakgebiede deur bekende sprekers gevoer. Deelname deur konferensiegangers word deurgaans aangemoedig.

Addisionele projekte van die ASB vir 1979, sluit die gemeenskapsdiens en tuislandkonferensies by die Universiteit van Pretoria in. Dit sal van 4 tot 6 Mei duur. 'n Aktualiteitskonferensie word van 22 tot 23 Junie by die PU vir CHO en die POK gereël.

## UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan Die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel - anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband - Red.**

# PASKWESSIE ONTSTEL

Geagte Redaksie,

Ek is 'n student wat soms Sondae vir swart Christene in Vyfhoek preek. Die pas afgelope Sondag, terwyl ek gewag het dat die gemeente naderkom, het daar 'n opgeskote amptenaar stilgehou - met 'n wit vangwa onder sy arm. Die volgende "gesprek" het plaasgevind: (sonder dat die swartman enige iets kon sê):

"Haai jy, kom hier!

"Waar's jou pas?!

"Ag nee x°@! kyk hoe lyk die ding!

"Jy moet die f------ ding regkry!"

En met skreeuende bande (die staat se petrol en bande) trek hy weg - die vangwa met die blou lig nog steeds onder sy arm.

Wat ek nou wil weet is: hoe lank gaan ons in ons "christelike" land en as "christelike" volk, (die kêreltjie het in Afrikaans gepraat en gevloek) nog houdings en wette hê wat maak en toelaat dat wit heidene (of selfs "christene") swart christene kan vloek, verneder en vervolg - as gevolg van 'n onbenulligheid soos 'n pas of verflenterde pas. (Wie van julle het al 'n boekie vir 'n paar jaar elke dag, elke oomblik by jou gedra - anders vang hulle jou - en dan raak dit nie verflenterd nie?).

Ek hoor graag wat dink die Wapadredaksie en die Pukstudente ('n christelike universiteit?) van hierdie ou sakie?

Kort Hendrik.

**Kort Hendrik, u brief klink soos 'n greep uit een van die verbanne boeke. Die redaksie van Die Wapad is saam met u ontsteld - red.)**

# POPLAP WEER ONDER SKOOT

Geagte Redakteur,

Ek is van harte eens met die brief van C. van Rensenburg in die vorige Wapad dat Poplap se naelversorging, blomtaal, damespolitiek vroue net vervlak tot een dimensie.

Ek wil egter ook verskil: my menswees is nie eerstens mens en dan vrou nie (para. 4). Ek is vrou-mens of manmens; my vrouheid is terselfdertyd, vervleg en een met my menswees. Prakties gesien: ek gaan met maskara en 'n wit rok na die Soweto Studenteraad/ Helen Suzmann / Gatsha Buthelezi luister.

Miskien sê die volgende dit:

O die swartkoppie-adolessensie
van krullanghare poplap-pukdames
wat pronk en pruil en praatpraatpraat

oor gistraant se latdunheupe
en boomstompskouers;
oor langsaan se boomstompheupe en latdunhare;
oor valletjies, kant, valletjies, soen, valletjies, ringe; oor koekies en koffie en ketels en kos.

Ek wens ek kan jul uit ons uit naeldruk
en die gat laat brandskoonbloei

oor jul liefhê vervuil tot swart seks.

San Kruger

# KOVSIES ONTLOK REAKSIE

Geagte Redakteur,

In antwoord op die brief in Die Wapad van 9 Februarie 1979 "Kovsies in eer gekrenk."

In die eerste plek het die redakteur 'n fout begaan met betrekking tot die opskrif. Die Kovsies het geen eer wat gekrenk kan word nie. Al wat hulle het is suur druiwe.

Die dames praat van trots en lojaliteit teenoor hulle Alma Mater. Dit is só groot dat die Kovsies nie eers bereid is om Intervarsity met hulle Universiteitslied af te sluit nie. Dan word daar ook gepraat van goeie gees, maar wat my opgeval het is dat daar absoluut geen goeie gees onder die geledere van die Kovsies geheers het nie. Die bewyse is onder andere die vlieënde nartjies en soms ook bottels. Die ydellike gebruik van die naam van die Here deur een van die dames van die Kovsies, die toetakel van die dirigent van die Pukke, ens.

Wat my ook opval, is die feit dat die persone wat leiersposisies beklee, van so gehalte is, dat hulle hulself nie kan verdedig nie, en dat dames hulle (die leiers) goeie naam moet beskerm. Dit laat my werklik dink dat daar iets skort wat manlikheid aanbetref. Mnr. Gildenhuys het hom wel manlik gedra deur twee ure laat te wees vir 'n afspraak die Saterdagoggend, as gevolg van oormatige drankgebruik die vorige aand.

Aan die Pukmassa wil ek dan net sê: omtrent die grappe wat vertel is en die taalgebruik skaam ek my geensins. Die woord "Christelik" in ons Universiteitnaam vervat, beteken voorts nie dat ons verkramp of liggeraak moet wees nie.

Die reaksie wat gevra word, sal wel daar wees op 25 Augustus. Die Kovsies sal spyt wees dat hulle gevra het vir reaksie.

Dawie Kriel.




*Mnr. Jan Botha, Karnavalvoorsitter, wys vanjaar se karnavalhempie.*

# SPORTRAAD 1978 WIL REGSTEL

Die Redakteur,

Graag verwys ek u na Die Wapad van 6 Oktober 1978 en wel na die berig onder die opskrif "Sportkorrels" deur die sportredaktrise. Ek voel dat ek as huidige voorsitter van die Sportraad en destydse voorsitter van die Koshuissportraad hierop wil antwoord.

In die berig staan die volgende: "Is die huidige regulasies ten opsigte van koshuissport reg? Word alle sportmanne en -dames wat wel die potensiaal het, raakgesien of word daar jaar na jaar slegs dié wat die keurders as beste beskou 'n kans gegun?"

Wat die regulasies van koshuissport betref wil ek dit net noem dat die huidige regulasies vasgestel is deur deeglike ondersoek en na vele beraadslaging. Ek sê nie dat die huidige regulasies die volmaakte is nie. Inteendeel, in 1978 is daar begin met 'n oorkoepelende koshuisliga en dit is te verstane dat daar heelwat leemtes was as gevolg van baie dinge. U is welkom om die Jaarverslag te lees van die Koshuissportraad.

Verder met betrekking tot die potensiaal is dit juis die doel van die Koshuissportraad om verborge talent te ontdek en te ontwikkel. Daarvoor is koshuisligas in soveel sportsoorte moontlik ingestel. Hierdie talent kan nie ontdek word as die atleet nie self na vore kom nie. Koshuisligas is juis daar om hierdie sportman of -vrou die vrymoedigheid te laat kry asook selfvertroue om aan sport deel te neem, aangesien soveel sportmanne en -vroue bang geword het vir die hedendaagse professionalisme in sport . . . As hierdie sportman en -vrou dus sy of haar kant ook bring en moeite doen om homself/haarself bietjie aan die sonlig bloot te stel en sport te beoefen en as hy of sy wel oor die talent beskik verseker ek u kan 'n keurder so 'n sportman of -vrou nie miskyk nie.

In die berig verskyn die volgende verder: "Die student hoop dat die Sportraad nie net sal bly by "beplan" nie, maar wel alles, byvoorbeeld die aantreklike sportbeurse vir werwing van sportlui wat deur 'n 'nuwe' sportpromotor daargestel sal word, en 'n nuwe aangestelde professionele afrigter vir elke sportklub, sal deurvoer."

In hierdie geval voel ek dat dit 'n klap in die gesig is vir die Sportraad van 1978. Dalk verstaan ek u verkeerd, maar uit die berig kom dit voor asof u beweer dat 1978 se Sportraad net gebly het by "beplan" en niks deurgevoer het nie. Hierop kan ek u net verwys na die Oorkoepelende Koshuisliga wat beslis deurgevoer is en wat my betref, 'n sukses was.

Wat die sportbeurse, sportpromotor en professionele afrigters betref, moet u duidelik verstaan dat die Sportraad alles in hulle vermoë sal doen, maar alles hang af en word beslis deur die Raad, Beheerkomitee en Sportinstituut. Ek kan u in elk geval verseker dat die betrokke rade ensovoorts, hulle bes doen om sport op die PU te bevorder.

Ten opsigte van kontrolering van die finale puntestand van die Saambou-Nasionaalkoshuisliga is dit gekontroleer deur 'n lid van die Sportraad asook die Sportinstituut. Daarbenewens is alle uitslae van sportsoorte asook die metode van punte-toekenning gepubliseer in u koerant en kon elke PUK die punte kontroleer.

Verder sal ek graag wil verneem watter koshuise te nagekom is as gevolg van die kategorieë en puntetoekenning. Sover my kennis strek is niemand benadeel of te nagekom nie en beskou ek u stelling as ongegrond.

Pieter Groenewald.



*'n Vertwyfeling oor die inhoud - Prof. Tjaart van der Walt en die minister van Tarentaal wonder net.*



*Die SSR ontspan tydens 'n kinderparty by Heide.*

# SUID-AFRIKA SE SIGARETTE IS GIF

**'n Chemiese ontleding van Suid-Afrikaanse sigarette het getoon dat dit oor die algemeen 'n groter bedreiging vir gesondheid is as dié wat in vier ander Westerse lande verkoop word, volgens 'n studie wat namens die Raad vir Rook en Gesondheid van Suider-Afrika in die VSA gedoen is.**

Mnr. M. Malan, wetenskapsredakteur van "The Star", sê die studie toon aan dat die teerinhoud "volgens internasionale standaarde onaanvaarbaar hoog is".

Die voorsitter van die raad en spesialiswetenskaplike aan die universiteit van die Witwatersrand, prof. H. Seftel, het die toetse bekend gemaak:

"Sigaret-vergiftiging in Suid-Afrika is nie sleg nie - dit is baie sleg. Die gifinhoud is nie net hoog nie, maar baie hoog. En dit wil voorkom of die gewilde soorte van die giftigste is."

Hy het bygevoeg: "Dit is moontlik dat sigaretrook die belangrikste enkele faktor is wat veroorsaak dat blanke mans en vroue die hoogste sterftesyfer as gevolg van koronêre hartsiektes in die Westerse wêreld het."

Die Rembrandt-tabakkorporasie het in sy kommentaar oor die ontleding gesê dat baie dokters, wetenskaplikes en statici van formaat die grondslag waarop tabak aangeval word, sterk bevraagteken of selfs teenstaan. Die kommentaar het verder gelui: "Almal van ons ken tagtigjariges wat rook hul lewe lank geniet het."

# REGSTUDENTE STIG KLINIEK

**Die regstudente het besluit om 'n regskliniek in die lewe te roep. Na skakeling met die direkteur van Promosa, het hulle bevind dat daar wel 'n behoefte aan so 'n kliniek bestaan.**

Die regskliniek is 'n onderliggaam van die SRVP en staan in 'n besondere verhouding teenoor die SGD wat die nodige fondse, raad en advies voorsien.

Die regskliniek fungeer onafhanklik, maar op 'n gekoördineerde basis met ander verenigings deur die SGD. Die kliniek is dus ook 'n welsynsorganisasie aangesien SGD as welsynsorganisasie geregistreer is.

Die oogmerke van die kliniek is om diens aan die gemeenskap te lewer. Só doen die regstudente praktiese ervaring op. Daar word ook nouer skakeling tussen praktiserende regsgeleerdes, dosente en studente beoog.

Prokureurs en dosente het ingewillig om die regskliniek by te staan en te onderskraag. LLb. en P.Proc 4 studente sal toegelaat word om regshulp te verskaf. Die kliniek sal 32 sittings per jaar hê op Donderdae aande, 19h00-21h00. As daar later 'n behoefte aan meer sulke klinieke ontstaan, sal voorsiening gemaak word.

# Spektrum 1979

# RSA '78 NIE OP STANDAARD

**Die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging (Wes-Transvaal) se eerste uitstalling vir 1979 is op Maandagaand 12 Februarie deur prof GM Ballot geopen. Dié tentoonstelling staan bekend as die RSA 78-tentoonstelling en 40 skilderye en grafiese werke en 16 beeldhouwerke van 33 kunstenaars word vertoon. Die kunstenaars is afkomstig van die Vrystaat en Noord-Kaap en verreweg die meeste kunstenaars is gevolglik onbekend.**

Die sterkste werke op die uitstalling was beslis die werke van Westbrook en Claerhout, alhoewel nie die beste werke van Claerhout op die uitstalling vertoon was nie. 'n Mens verwag 'n mate van primitiwisme by Claerhout, maar dié werke is té naief en tegnies minder goed. Die werk One Day Brides herinner sterk aan Les Demoiselles d'Avignon van Picasso op grond van die sterk lyngebruik asook die maskeragtigheid van die karakters. Wat wel hinder in die twee werke van Claerhout, is die feit dat die konsep nie goed deurdag is nie, daar dié skilder gewoonweg baie planmatig te werk gaan.

Die werke van de Bliquy is nie heeltemal op standaard nie, as gevolg van die tegniese afwerking van die skilderye. Die opset van die twee werke is tog interessant naamlik die vier en vyf panele onderskeidelik.

Aangesien baie onbekende kunstenaars op die uitstalling verteenwoordig is, is dit maklik om die meer bekende kunstenaars se werk te onderskei. Die minder bekende werke skep 'n indruk van onvoltooidheid. Die skilderye maar ook die etse en die nonfiguratiewe werke probeer 'n inhoudsgedagte weerspieël, maar die vaardigheid ontbreek in hierdie werke.

Die uitstalling in sy geheel gesien is vir 'n nasionale uitstalling nie op standaard nie, en vertoon eerder trekke van 'n plaaslike salon. Die verskeidenheid van die uitstalling is wel groot.

## JAARBEPLANNING VIR UITSTALLINGS

**Die Departement Beeldende Kunste beplan vir die komende jaar die volgende uitstallings:**

- Die RSA 78-uitstalling vanaf 12-23 Februarie in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit,
- Ines Aab-Tamsen se uitstalling in die Frans du Toit vanaf 26 Februarie tot 16 Maart,
- Riena van Graan vanaf 19 Maart tot 6 April in die Frans du Toit,
- 'n Uitstalling van Suid-Afrikaanse grafiese werk vanaf 30 April tot 11 Mei in die uitstallingslokaal van die Frans du Toit,
- Pottebakkers- beeldhoukuns en fotografie word vanaf 15 Mei tot 30 Mei in die Frans du Toit aangebied,
- die jaarlikse Salon word hierdie jaar in die Frans du Toit vanaf 6 tot 17 Augustus aangebied,
- op 20 Augustus open 'n uitstalling van Natalse kunstenaars en dié uitstalling duur tot 30 Augustus.
- Louis van Heerden open op 17 September en die uitstalling duur tot 28 September.

en in Juniemaand bied die Departement Beeldende Kunste 'n keur uit die PU se versameling aan. Hierdie uitstalling sal duur tot in September.

Twee rolprente word deur die Departement Beeldende Kunste aangebied: The Ascent of Man word vanaf 12 Maart tot 15 April vertoon, en Ways of Seeing word vanaf 2 Julie tot 31 Augustus vertoon.



*Alabama '79.*

# SA SING MET ALABAMA

**ALABAMA bied vanjaar sy twaalfde Revueprogram aan. Die program word uit alle oorde beskryf as een van die bestes tot dusver. Dit beeld die Suid-Afrikaanse posisie op 'n unieke wyse uit - in 'n program van ligte musiek van al die bevolkingsgroepe van ons land. Kleurlingliedjies lui die vrolike program in, en dié gedeelte behels treffers soos "Nuwejaar" en "Waterblommetjies". Volgende aan die beurt is die musiek van die immigrant: Duitse Bierkelder-atmosfeer meng met die lawwigheid van 'n Van Rensburg broers-verwerking van "Piet Hein" en die statigheid van "Amazing Grace," met 'n egte doedelsak op Skotse wyse deur Louis van Rensburg gespeel.**

Die Engelssprekende kry ook sy deel met 'n statige afdeling wat onder meer "Thank you for the Music," "An Old Fashioned Love Song," asook 'n verrassing uit die nostalgiese oliekuif en klinknaelbroek-tydperk insluit.

Die primitiewe tromritme van Afrika word vergestalt met nommers uit Ipi Tombi en ander liedjies en wysies van die Swartman. Die gedeelte behou deurgaans die sprankel en warmte van die Afrikalandskap. Dié betrokke tema is ook op 'n meesterlike wyse in die kostuum vergestalt, wat die handewerk van Johan Cornelissen was wat al die kostuums van die vertoning ontwerp het.

Ná 'n vrolike boereparty kry immergroen Afrikaanse treffers van Gé Korsten, Groep Twee, Sonja en Alabama self, 'n beurt. Verskeie nuwe wysies word ook in die Afrikaanse gedeelte aangebied wat onder meer aan die Produksieleier van die vertoning, Johan van Rensburg, 'n prys op die afgelope Crecendo-kompetisie besorg het.

Alabama bestaan uit vyftig lede, waarvan agt-en-twintig koorlede is, agt orkeslede en die res tegniese personeel. Twee vertellers hou die gehoor gedurig ingelig oor wat waar gebeur, en die rubberbeen Hans van Schalkwyk is weereens skreeusnaaks as komediant.

Produksieleier Johan van Rensburg is vanjaar weer agter die klavier te sien, en musiekregisseur, Louis van Rensburg, is doenig by die orrel, banjo, doedelsak ens.

# SENIOR-AAND VERMAAK EN VERVEEL

**Tydens die senior-programaand wat op 8 en 9 Maart in die Totiussaal gehou is, is die belangrikste kultuurverenigings op die PU aan die eerstejaars voorgestel.**

Sekere groepe soos Thalia en die PU-kaners sou egter so gou as moontlik van hierdie optredes wil vergeet. Thalia se optrede was vervelig, maar dit kan miskien daaraan toegeskryf word dat hulle slegs 'n gedeelte van 'n stuk moes doen. Die gebrek aan dekor weens omstandighede was ook baie beslis 'n rede hiervoor.

Hoekom die PU-kaners so 'n swak vertoning gegee het, is moeilik om te sê. 'n Mens het die idee gekry dat hulle nie geïnspireerd was nie. Dit was dalk die rede waarom hulle oor die algemeen redelik amateuragtig voorgekom het.

Selfs Alabama kan nie werklik tevrede voel met sy vertoning nie. Die gewone sprankel was daar, maar die sangers se lelike klank en die onduidelike uitspraak het hulle in 'n groot mate gekortwiek.

Die enigste groep wat werklik tevrede met homself kon voel, was die PU-koor. Soos die ander groepe is hulle getalle ook aansienlik uitgedun, maar desnieteenstaande het hulle gesorg vir goeie koorkwaliteit, gekombineer met goeie vermaak. Hulle het dan ook die beste ontvangs van al die groepe gekry.

Oor die algemeen was dit 'n goeie aand se vermaak. Dis net jammer dat al die groepe nie hulle gewone goeie vertonings kon lewer nie.



*Die PU-koor tydens die programaand.*

# VERMAARDE HONGAAR SPEEL SONDAG

**Die bekende Hongaarse pianis Peter Frankl, lewer Sondag, 18 Februarie, om 20h00 'n klavieruitvoering in die konservatoriumsaal.**

Peter Frankl is geen onbekende in Potchefstroom nie. In 1973 het hy opgetree as begeleier van die violis György Pauk in 'n uitvoering hier. Hy is op die oomblik besig met 'n landswye toer en afgesien van begeleidings, spesialiseer hy verder ook in kamermusiek. Hy is 'n internasionaal-bekende pianis en het reeds vele plate op sy kerfstok.

Sy konsert Sondagaand is van redelik uiteenlopende aard en sluit onder andere die volgende werke in: Beethoven se Waldsteinsonate en sy 32 variasies in c mineur asook Schumann variasies op 'n tema van Beethoven. Dan beweeg hy meer impressionisties en speel van Debussy twee Arabesques, Berceuse Heroic, en Island of Joy.

Aangesien die konsert op 'n Sondagaand is, sal daar geen kaartjies of programme voor die konsert verkoop word nie. Die publiek word dus versoek om hulle kaartjies voor Vrydag 13h00 of Saterdag tussen 10h00 en 13h00 te koop. Kaartjies is by die konservatorium beskikbaar.



*Shirley Shutler, een van die kunstenaars wat uitstal op die JV (Afdeling Wilger) se kunsuitstalling. Die uitstalling word op Dinsdag 20 Februarie om 20h00 deur die Rektor, prof Tjaart van der Walt geopen en duur tot 23 Februarie. Ander kunstenaars wat uitstal is onder andere Jeanette Dykman, Gabriël de Jongh en Otto Klar. Persiese matte en beeldhouwerk word ook verkoop.*

# MUSEUM BRING LEWE

**Die Potchefstroomse museum wil in die jaar wat voorlê die publiek van Potchefstroom betrek by hulle aktiwiteite. In die verlede was Potchefstroom op die gebied van die kuns beslis ontoereikend. Die museum het hiervan weggebreek en een van die lokale in die museum omgeskep in 'n kunslokaal: die d'Astre-kunslokaal.**

Pierre Minnie en Marthie Wannenburg het teen die einde van verlede jaar reeds daar uitgestal, en op die oomblik word die permanente versameling van die museum daar vertoon. Hierdie versameling sluit werke van bekende Suid Afrikaanse kunstenaars in waar onder Otto Landsberg, George Boys, Bettie Cilliers-Barnard, Chris Spies en Dirk Meerkotter.

Die museum beplan 'n vol program vir 1979. Uitstallings van werke deur bekende kunstenaars, 'n foto uitstalling en 'n uitstalling van kinderkuns word in die vooruitsig gestel.

Verskeie kursusse gaan ook deur die museum aangebied word. Vir die dames word 'n modeparade aangebied en klere van verskillende tydperke sal vertoon word. 'n Kursus in tuisrestourasie en die aankoop van antieke meubels word vir die versamelaar aangebied.

In die Totiushuismuseum gaan voordrag-, sang- en musiekaande blykbaar 'n gereëlde instelling word. Besigtigingstoere deur Potchefstroom gaan ingestel word daar Potchefstroom hom as geskiedkundige dorp daartoe leen.

Op 21 Februarie word 'n kinderkunsvereniging in die lewe geroep om kursusse en programme in die vakansies vir die kinders aan te bied. Die stigting van 'n Vereniging Vriende van die Museum word ook beoog.

# Poplap

# VOETNOTE VIR SKOENE

## SÊ 'LO . . .

**Van hierdie week se Poplap 'n warm 'hallo' uit 'n regte deurmekaar vroumensnes.**

Dis altyd 'n probleem om na so 'n lang leeglê-vakansie jouself op 'n akademiese golflengte in te skakel. Om weer te oriënteer in 'n 10 voor 8-skedule is byna 'n saak van onmoontlikheid - veral nadat die Desemberoggende genoeg tyd gelaat het vir 'n goedbeplande skoonheidsroetine.

Terug by die werklikheid - jou grimering, naels en klere word tot die maksimum van 15 minute saam met die oggendkoffie gereduseer en jou hare word sommer so in die hysbak-toe-draf 'n borsel of twee gegee. Hierdie week gee Poplap 'n paar praktiese wenke wat die haastige aster en die planmatige meisie met groot sukses kan toepas - 'n Paar praktiese wenke wat jy vir jou voornemende Farrah Fawcett-voorkoms:

- draai jou hare volgens 'n patroon in. Begin bo, werk terug na die kroon en laaste draai jy die kante en agterste deel in - (vir die veelbesproke "wip")
- vergemaklik stilering deur 'n spesiale droogblaasmiddel te gebruik;
- ouma se gedagte oor die appelasyn-afspoel, is 'n dodelike een. Probeer hom maar gerus;
- moet nooit die haardroër te na aan die kop op een kol konsentreer nie, al voorsien jy ook die laatkomslag;
- rollers moet reg bo die kopvel gehou word sodat die hare regop is - dit sal die hare meer veerkrag gee. Die hare wat jy indraai, moet nie wyer as die roller wees nie - dit veroorsaak reguit stukkies wanneer dit skuins getrek word.
- vra jou ma-hulle vir 'n "natural style" met jou volgende verjaardag. Hierdie haargolfproses van Schwartzkopf gee net daardie ekstra volheid en sagtheid wat jou toutjieshare dalk nodig het (vanaf± R15).
- "eau-de-cologne" is 'n gawe setmiddel as spoed 'n faktor is;
- 'n stel elektriese rollers is 'n ideale geskenk om te gee (of te ontvang . . .)
- vir die blinkste hare in die dorp - 'n klein bietjie roosmaryn in jou afspoelwater (alle kleur hare);
- 'n opknapper moet veral op die haarpunte aangewend word;
- buig jou kop vooroor en borsel kragtig 'n paar hale, voordat jy dit finaal stileer;
- gesplete punte kan nie herstel nie; knip voortdurend die dooies af, of laat hulle skroei (lg. 'n aanbeveling, hoewel 'n relatief duur proses).
- spekerige rollers is moord op die hare;
- 'n goeie borsel van egte haar, is 'n belegging.

### UIT DIE SEEPPOT

- As jou ketel se element baie aangekalk het, kan jy die kalk verwyder deur 'n bietjie verdunde soutsuur in die ketel te gooi. Laat staan dit so totdat die kalk heeltemal opgelos het. Was en spoel die ketel baie deeglik voordat jy dit weer gebruik.
- Jy kan ook 'n half koppie asyn in die ketel gooi, die ketel verder met water vul en die ketel laat kook. Gooi die asynwater uit en vul die ketel weer met asyn. Laat die ketel twee dae staan. Die aanpaksel sal dan los wees. Spoel die ketel weer baie goed uit met skoon water.
- As jou strykyster vuil is, gooi 'n laag sout op 'n stuk papier en stryk met die warm yster daaroor totdat dit skoon is. Vee die yster met 'n skoon lap af en vryf 'n paar druppels olie onder aan die yster. Vryf die yster weer met 'n skoon lap af. Jou yster sal hierna weer glad wees. (Dit is nie bedoel vir jou stoomyster nie!)
- As daardie duur fluweeluitrusting van jou gekreukel het, hang dit in die badkamer bokant 'n bad met baie warm water. Die stoom verwyder die kreukels. As net 'n klein oppervlakte gekreukel is, gebruik sommer jou ketel met kookwater om dit glad te stoom.

**Goeie skoenpolitoer bevat wakse wat inwerk op leer, dit soepel hou en beskerm. Skoene-poets is seker geen nuutjie vir jou nie, maar hou gerus die volgende in gedagte:**

- Moenie politoer bo-oor vuilheid aanwend nie. Verwyder saamgekoekte modder met die stomp kant van 'n mes en vee ander vuiligheid af met 'n lap wat net-net klam is;
- Gebruik die regte tipe kleur politoer of reiniger vir jou skoene;
- Laat die leer eers die politoer absorbeer voordat jy dit blinkvryf met 'n sagte lap;
- As jy sulke luukshede soos suède of velskoene het, hou hulle maar uit die modder. As hulle wel in die modder beland, verwyder dit versigtig met die stomp kant van 'n mes en was dit af met effens seperige water. Droog stadig af en vryf die pluis weer reg met die korrekte borsel.
- As jy baie versigtig is en spaarsaam te werk gaan kan olie en vetterigheid doeltreffend verwyder word met 'n spiritusreiniger.
- Moenie jou skoene warm maak of uitdroog voor 'n verwarmer nie. As hulle nat is, maak hulle droog teen kamertemperatuur. Die skoene moet vooraf opgestop word met opgefrommelde koerantpapier om hul vorm te behou en vog te absorbeer.
- Sorg altyd dat die veters of bandjies los is voor jy jou skoene aan- of uittrek. 'n Skoenlepel sal help om die hak stewig en vormvas te hou.
- Moenie elke dag dieselfde paar skoene dra nie. Nes jy, moet jou skoene ook 'n blaaskans kry!
- Om jou skoene van 'n lang "lewe" en goeie toestand te verseker, onthou: verskillende soorte skoene het verskillende skoonmaak-behandelings nodig - doen dit dus daagliks.
- Moenie wag totdat die skade te groot is voordat herstelwerk gedoen word nie.
- Wanneer jy nie jou skoene gebruik nie, bêre hulle in hul skoendose, skoensakke of -houers. Die skoene sal sodoende hul vorm beter behou en altyd deftig lyk.

## *VERSAG JOU NAELS SÓ . . .*

- Verwyder eers alle ou naellak. Rol dan 'n stukkie watte om die punt van 'n tandestokkie, doop die wattepunt in die naellakverwyderaar en vryf daarmee óm die naelronde om alle ou naellak tussen die naels en die vel te verwyder. (Die tandestokkie is baie goedkoper as 'n regte naelstokkie!)
- Moenie jou naels met 'n skêr sny nie. Dit skeur die naellae wat veroorsaak dat dit maklik breek en splits. Gebruik eerder 'n vylstok of amarilvyltjie en vyl altyd van die buitekant van die nael na die middel; nie heen en weer nie.
- Moenie die naels te veel aan die kante wegvyl nie. Dit verswak die naelbasis en die naels breek dus makliker. Vyl die nael ovaalvormig sonder 'n skerp punt.
- Week jou hande in warm seepwater voordat jy die naelvliesies terugdruk. Druk die naelvliesies saggies terug met 'n wattepunt stokkie.
- Knip dor, droë vel weg met 'n skêrtjie, maar moet nooit die naelvliesies self afknip nie.
- Hou die naelvliesie ook soepel en sag deur hulle saans voor jy gaan slaap met 'n bietjie olie te masseer.
- Poets die naels met 'n naelpoetser (beskikbaar by apteke). Poets net in een rigting. Dit maak nie net die naels blink nie, maar verbeter ook die bloedsomloop; wat op sy beurt weer die naels versterk. In plaas van 'n spesiale naelpoetser, kan jy ook 'n watte pluisie gebruik wat in babaolie klam gemaak is.
- Gebruik 'n onderlaag as jy las het van naels wat maklik geel vlek.
- Masseer gereeld 'n opknapper in die vingerpunte om die naels te bevogtig.
- Verf eers die naels van die regterhand as jy regs is en dié van die linkerhand as jy links is. Dit verminder die moontlikheid dat jy die naels van die "dom" hand beskadig terwyl die lak nog nat is.
- Verf eers die duimnael, want hy word die stadigste droog.
- Verf die onderlaag met drie hale aan: Eers in die middel en dan die twee sykante.
- Rond altyd 'n manikuur af deur 'n wattepuntstokkie in naellakverwyderaar te steek en die naelvliesies en vingerpunte versigtig skoon te vee.
- Onthou die belangrikste van al die wenke is - begin vroegtydig!

## N.S.

**Geniet die uittoets van die wenke en as jy 'n onfeilbare wenk of drie het om aan die ander Poplaplesers mee te deel, sal Poplap dit graag in hulle oor fluister. Daarvoor is bus 13 mos daar! Poplap groet tot volgende week en vasbyt dis amper Karnaval!**

**Groete**
**Poplap.**



# Koshuis

## HOMBRÉ

**Die** koedoetrop het weer versamel - gemotiveerd om 1979 op alle gebiede plat te vee.

Ná die oorwinning in die eerstejaarsatletiek, is ons nog lank nie stil nie. Die ampsketting van tarentaal pronk weer 'n jaar in die voorportaal.

Die Hombré-manne se woede het geseëvier op die krieketveld en niemand anders as Klooster het daaronder gely nie. Die rugby-oefening vorder fluks en met die talent onder die eerstejaars staan die ander sportsoorte nie ver terug nie.

Die eerstejaars het die vuurdoop deurstaan en met net enkele pyne het hulle deel van die trop geword.

Die karnavalplanne verloop reeds baie goed en dat dit ons jaar gaan wees. Dit is egter nie net met die sports wat dit so goed gaan nie. Vir die tweede jaar is ons bo aan die lys wat akademiese prestasies betref. 'n Driekuns is natuurlik nie uitgesluit nie.

Aan die hele PU wil ons net hartlik welkom sê en die vyfde bestaansjaar van Hombré beloof om die grootste in die geskiedenis te wees.

## KLAWERHOF

**Klawerhof** se veertig dore is intussen verhoog tot die status van eerstejaars. In die eerstejaarsatletiek het hulle taamlik goed gevaar deur die vyfde plek in te neem. Annette Schneider het besonder goed gevaar in die velditems.

Die Ou- en die Nuwe Sitkamer spog met nuwe matte. Oorspronklik is dit nie beplan dat die Ou Sitkamer ook 'n mat sal kry nie, maar danksy die reën is die ou mat oorstroom en moes dit vervang word.

Die HK het die week voor die Kampusfokus-kamp by die see deurgebring. Dit het sonder ernstige ongevalle verloop, behalwe dat Betsie se plan om Amerika toe te swem gefnuik is deur vier mans.

Nou lê Karnaval '79 voor en ons hoop dat dit, met die hulp van Klooster, werklik iets sal wees wat werd is om onthou te word.

## KARLIEN

**Karlien** het met die intrapslag die jaar bewys dat sy die heel bakste op die PU is. Reeds vroeg in doretyd het die HK hulle slag gewys met die oortuigende manier waarop hulle hul rolle vertolk het en gesorg het dat die dorelied aan Karlien behoort.

Die dore het dadelik met goeie inspirasie weggetrek en nie net die geesbeker by die Eerstejaarsatletiek gebuit nie, maar ook so "terloops" gesorg dat die wenbeker Karlien se kant toe kom.

Karlien altyd bo! Karlien skop dus op 'n hoë noot af en ons hoop dat ons van Karnaval net so 'n sukses sal maak. Daarvoor weet ons dat ons die samewerking van elke Karliener sal hê.

**WAPADVERTEENWOORDIGERS/STERS**

| | |
|---|---|
| Kasteel | Estelle Jonkheid |
| Wag-'n-Bietjie | Rina Heynecke |
| Vergeet-my-nie | Mariska Spoormaker |
| Wanda | Hermien Allen |
| Kulu | Anette Griesel |
| Klawerhof | Marié Swanepoel |
| Oosterhof | Wilna Eloff |
| Dinki | Ren Botes |
| Oppikant | Paul Prinsloo en Louw van Biljon |
| Uitspan | Pieter Blomerus |
| Heimat | Malan Crous |
| Thaba-jäh | Piet van Zittert |
| Makouvlei | Deon Marais |
| Over de Voor | Willie Brits |
| Klooster | André Howard |

Vir enige nuuswenke rakende koshuislewe en koshuissake, kontak die verteenwoordigers/sters.

# Sport

# GROOT RUGBY OP OLËNPARK

***Sommer vroeg-vroeg in die seisoen gaan ons groot rugby hier op Olënpark te sien kry wanneer 'n Puk-uitnodigingspan teen 'n sterbelaaide span van Daly Ford speel.***

Op Saterdag 17 Maart sal die Springbokkaptein Morné du Plessis die Daly Ford-span aanvoer teen 'n span wat bestaan uit oud-Puk spelers, Wes-Transvaal spelers en huidige Pukspelers. Verskeie Springbokke en provinsiale spelers soos Kevin de Klerk, Hennie Bekker, Willie Kahts, Ian Robertson en Corrie Pypers sal in aksie wees vir die span van Daly Ford.

Die Puk-uitnodigingspan sluit ook manne soos Richard Prentiss, Vic de Klerk, David Smith en Jannie Tiedt in en die span word aangevoer deur die oud-stryder Thys Lourens, wat weer die stewels uitgehaal het.

Die wedstryd, wat deur die Wes-Transvaalse Rugby Unie gereël word, beloof dus om volop aksie te bied al is dit nog bietjie vroeg in die seisoen. Verskeie staatmakers van die Puk se eerstespan sal hulleself probeer bewys teen dié groot name, manne soos James Stoffberg, Judge Venter, André Markgraaf en Michael Carlile. Kobus van Wyk speel in die senterposisie en Carlile sal vleuel speel.

Die voorwedstryde beloof ook om baie goeie rugby op te lewer en ons eie Jongspan speel in 'n voorwedstryd teen Pretoria Weermag se onder-twintig A-span.

Reeds die oggend van 17 Maart is daar al rugby te sien op die Fanie du Toit waar die Puk o/20 A-span en vier ander senior spanne van Pretoria-Weermag speel, en ook daar behoort goeie rugby opgelewer te word.

Die harde wedstryde so vroeg in die seisoen is 'n uitstekende geleentheid vir ons spelers om hulle reg te skud vir die liga wat voorlê. Ook waar ons reeds begin voorberei vir die komende Toyota-Klubkampioenskappe eersdaags in Durban en ons eerste teen Maties moet uitspeel.

Die algehele Puk-rugby standaard beloof om hierdie jaar baie hoog te wees en alle Puk-studente word gevra om die manne so gereeld as moontlik te gaan ondersteun.

Die oud-Springbok, Dirk de Vos, wat vanjaar aangestel is as adjunk-direkteur van Sport-promosies, behoort ook goud werd te wees in die afrigting van veral die agterlyne. James Stoffberg rig weer vanjaar die eerste span af en prof. Scott sal die Ibbies onder hande neem.



*Met die ingebruikneming van die Studentesentrum gaan binnenshuisesportsoorte beslis baie meer aandag geniet.*

## Studentesentrum bied Sportfasiliteite

**Tydens die Sportraadsvergadering wat op 12 Februarie 1979 gehou is, is bekend gemaak dat die studentesentrum wat sedert 1975 in aanbou is, nou vinnig voltooiing nader.**

Die studentesentrum sal heelwat fasiliteite bied met betrekking tot binnenshuise sportsoorte en die algemene gevoel was dat die studente meer aktief betrokke moet raak by sodanige sportsoorte. Dit kan alleen slaag as daar beter skakeling is met die koshuise se sportraadsverteenwoordiger.

Mnr. Piet Malan, sportdirekteur van die PU, het aangekondig dat die raad orals behulpsaam sal wees met die reëling met betrekking tot afrigting in die betrokke sportsoorte.

Daar is ook 'n bedrag van R20 000 beskikbaar gestel vir sportfasiliteite en mnr Piet Malan sal ook wat dít betref, die nodige hulp en leiding verskaf.

## MEER GELD GESKENK VIR KOSHUISSPORT

**Op die openingsvergadering van die Sportraad op 12 Februarie 1979, is aangekondig dat Pat's Harolds Motors R1 000 aan die Sportraad geskenk het.**

Die R1000 sal op die Saambou-Nasionale koshuisliga as prys uitgeloof word. 'n Bedrag van R500 sal deur die mans- en dameskoshuise afsonderlik gewen kan word.

Daar is egter aansienlike bepalings alvorens 'n koshuis in aanmerking kan kom vir die sportprys. Die inwoners van die koshuise moet 'n sekere hoeveelheid per koshuisinwoner gedurende die tydperk Februarie 1979 tot Augustus 1979 ingooi.

Indien die wenner van die liga nie aan die vereistes voldoen nie, kwalifiseer hy nie vir die sportprys nie. Die koshuis met die tweede meeste punte kwalifiseer dan vir die prys.

Die Pat's Harolds sportprys word op die volgende basis toegeken:

MANS
Eerste plek R250
Tweede plek R150
Derde plek R100
DAMES
Eerste plek R250
Tweede plek R150
Derde plek R100


# ALABAMA! ALABAMA! ALABAMA!

***VANAAND EN MÔREAAND (15 en 16 Febr.) IN DIE TOTIUSSAAL.***

Kom kyk na die vertoning wat gehore staande gelaat het!

# is FOTOKUNS te besig??

*Nooit gesien nie !!!*
*Wáár kry jy daardie storie?*
*Met 4 maande universiteitsvakansie elke jaar het ons **alle** studente se ondersteuning nodig.*

*en . . . ons gee FOTO'S, nie kiekies nie!*

# Wapadjies

**Bel Jacques by 3468 (Klooster) en laat 'n boodskap.**

**HOU S.A. SKOON:**
Die Bult-Droogskoonmakery en wassery, Uitsigarkade, reken vinnig en flink af met ghries-merke, vetkolle en ander vorms van besoedeling. Kledingstukke binne slegs 80 minute droogskoongemaak. Wasgoed binne 'n halfdag gewas en gestryk.
Ure: Maandag tot Vrydag - 7vm. tot 5.30nm. Saterdag - 8vm. tot 1nm.

**KIES & KEUR:**
Lyk jou kamer soos Vaalwater? Kry 'n poster by Kies & Keur! Val jou knope af, nate trek los? Naaldwerkbenodigdhede galore by Kies & Keur! Behalwe materiaal, hoede, kunsblomme en mandjies, het ons nog stapels en stapels ander goed. Vat 'n dag af en kom snuffel rond by:-
Kies & Keur, Tomstraat 98.

**DIK EN DUN:**
Verslankingsmasjiene, Figuuroefeninge, Liggaamsbou, Fiksheidsklasse en Sauna. Die modernste metodes in ten volle toegeruste gimnasium: Kom Maandag tot Saterdag. Studente slegs R10,40, belasting ingesluit. Potch Health Studio - Uitsigarkade, Tomstraat, die Bult, tel. 6846.

**EK ADVERTEER KLEIN:**
My praktyk is klein - natuurlik tot u voordeel! Nuwe fietse, gebruiktes, onderdele en herstelwerk. Moenie baie sukkel nie - Laat wiel na: PARK FIETSWINKEL. (F.F. Tranter) Tel. 4731, Van Riebeeckstraat 81.

**MOOI BLY?:**
Kom kyk na ons groot verskeidenheid parfuum, verslankingsmiddel proteïnvoedsel en skoonheidsmiddels vir 'n jaar van skoonheid w voorlê. Die Bult Apteek, Tomstraat 88B & C, Potchefstroom. Tel. 5943

**VERLIEF:**
Dames kom raak verlief op ons Elna naaimasjiene in die Santam Deu loop, Potch. Tel. 5412.

**BLY RY EN RY BLY:**
Nigrini Batterye is die naam as jy jou kar wegspringgereed wil hou sonder sweet, sonder bloeddruk en teen 40% korting, spesiaal vir PUK studente lag jy heelpad bank toe op sakgelddag. Storm sommer no na Lombardstraat 27 vir jou battery. Tel. 7805.

**STAAK DIE GESUKKEL:**
Staak die gekekkel. Sê dit liewer met blomme. Blomme betuig liefd inspireer, troos, sê dankie. Al wat jy moet doen is om jou gesig by d geleentheid te laat pas. HUIS EN TUIN het die blomme, kom soek jo sêgoed by ons. Tomstraat, Potch.

**HAAI EK SÊI:**
Moenie oor my kraai nie, Aia Tola, hou maar jou olie, want ek kan splinternuwe fiets by HUIS EN TUIN koop teen 10% korting, sit dit o der jou tulband om uit te broei. Tomstraat, Die Bult.